**Breek hierdie tempel af, en binne drie dae sal Ek dit opbou**

**Joh 2:13-25**

**16 Februarie 2025**

1. Vantevore: Betekenis van die water-in-wyn teken: (1) Maria moet verstaan sy het nie spesiale toegang tot Jesus in Sy verlossingswerk nie (2) Jesus het die reinigingswater van die ou verbond verander in die wyn van die nuwe verbond. Hy is die Ware Bruidegom wat oorvloed wyn by bruilofsmaal van die Lam sal voorsien
2. Agtergrond tot reiniging van die tempel (Joh 2:13-14)
    a. Twee tempelreinigings – Johannes beskryf reiniging aan begin van Jesus se openbare optrede, sinoptiese evangelies beskryf reiniging aan einde van Sy openbare optrede
        - Argumente ten gunste van net een reiniging is nie oortuigend nie
    b. Vind plaas tydens pasga – herdenking van verlossing uit Egipte
    c. Handeldryf met diere (vir offers) en geldwisseling (vir belasting) vind in die tempel plaas
3. "Hou op om die huis van My Vader 'n huis te maak waar handel gedryf word" (Joh 2:15-16)
    a. Jesus dryf die handelaars, geldwisselaars en diere uit
    b. Fokus was beperk tot uiterlike rituele – nie op ware aanbidding nie (vgl Jes 29:13)
    c. Vervulling van Sag 14:12c, Mal 3:1-3
4. "Die hartstog vir U huis sal My verteer" (Joh 2:17)
    a. Dissipels onthou die aanhaling uit Ps 69:10
        - Dawid word gespot oor hy op die Here vertrou
        - Hartstog vir die huis van die Here verteer Dawid: hy is besorgd oor God se eer, en die ander mense wat God dien
    b. Jesus se hartstog is ook oor God se eer en die kinders van God
    c. Hierdie hartstog sal die Here Jesus se lewe kos
5. "Breek hierdie tempel af, en in drie dae sal Ek dit opbou" (Joh 2:18-22)
    a. Jode vra 'n teken om te bewys Jesus het mandaat om tempel te mag reinig
        - Getuig dat die Jode gefassineer was deur Jesus: Is Hy dalk spesiaal?
    b. Teken: Breek die tempel af, Ek sal dit in 3 dae opbou
        - Jode is verbaas: reeds 46 jaar gebou, sou nog 35 jaar bou – 3 dae?
        - As hulle afbreek, sal Jesus opbou – Jesus het geweet hulle sal nie
        - Later, voor die Joodse Raad, is hierdie uitspraak verdraai (Mat 26:61)
    c. Jesus het veel dieper betekenis met die uitspraak
        - Jesus trek verband tussen Sy fisiese liggaam en fisiese tempel
        - Jesus se fisiese dood en opstanding val saam met afbreek van fisiese tempel – Sy dood/opstanding vervul simboliek van die tempel
        - Jesus is nou die tempel/ontmoetingsplek met God (vgl Joh 1:14, 51)
        - Fisiese tempel verloor sy betekenis met Jesus se dood/opstanding
    d. Jesus het nie die tempel afgebreek nie, maar vervul. Jode se gedrag dui aan hulle het effektief die tempel afgebreek
    e. Dissipels het dit later verstaan – en geglo
6. Maar Jesus het Hom nie op mense verlaat nie (Joh 2:23-25)
    a. Mense het die tekens gesien, en in Jesus geglo (vertrou) – maar Jesus het Hom nie aan hulle toevertrou nie (vgl DAV, OAV, NIV)
    b. Die mense was net geïnteresseerd in Jesus as "Wonderwerker"
    c. Maar Jesus is veel meer: Hy is die Messias wat lewe kan gee